NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 4
24 Februarie 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Aswoensdag en Lent: 'n Tyd om te vas, of 'n tyd om varkwors uit te deel?

**Woensdag 2 Maart is Aswoensdag. Die meeste van ons weet dit dui die begin van die Lydenstyd aan. Dit lui ook 'n ou kerklike tradisie in wat baie ver teruggaan, naamlik die 40-dae-tydperk voor Opstandingsondag.**

Aanvanklik het Lydenstyd op die 40 dae voor Opstandingsondag begin, maar in die sesde/sewende eeu is besluit dat Sondae nie deel van die 40-dae-vas moet wees nie, aangesien Sondae feesdae is. Daar kan nie dan gevas word nie. Toe is daar vier dae voor die eerste Lydensondag bygevoeg sodat die Lydenstyd op die Woensdag voor Eerste Lydensondag begin het. Daar is dus 40 dae om te vas sonder dat daar op Sondae gevas word.

Later het die as bygekom (aanvanklik stof en as) en het hierdie dag as Aswoensdag bekendgestaan. Die as is simbool van berou, ook berou oor jou sonde. So het hierdie 40-dae-tydperk 'n tyd van berou (as) en verootmoediging (vas) geword en het dit bekendgestaan as Lent. Dit is afgelei van die woord wat "verleng" beteken, aangesien die dae in die Noordelike Halfrond in hierdie tyd elke dag langer word.

Vandag word die as van die palmtakke, wat op Palmsondag verbrand is, in die Rooms-Katolieke Kerk gebruik om 'n swart kruis op die lidmate se voorkop te trek. Wat die vas betref, slegs een ete per dag, en geen vleis word toegelaat nie. Hoewel hierdie tradisie by verskillende kerke voorkom, is dit 'n vraag waarom die Aswoensdag en Lent nooit deel van die Gereformeerde tradisie (behalwe die Lutherse Kerk) was nie?

Tydens die Reformasie het Ulrich Zwingli geglo dat Lent die verskil tussen die sakramentalisme van die Rooms-Katolieke Kerk en die *sola fide* (slegs geloof) van die Gereformeerdes verteenwoordig. Hy het ook sy lidmate se reg om gereeld te eet verdedig, want hulle moes genoeg energie vir hul dagtaak hê. Na bewering het Zwingli en ongeveer 12 van sy ondersteuners Lent doelbewus in die openbaar verbreek deur twee varkworse te sny en uit te deel.

Johannes Calvyn se standpunt was dat die seisoen van Lent gewoon 'n teken van "valse ywer" of toewyding was, vol bygelowige praktyke. Hy het geglo dat Christus se versoeking en tyd in die woestyn 'n voorbeeld was waarvoor ons Hom moet eer, maar nie iets wat nageaap moet word nie. Die algemene standpunt was dat berou, verootmoediging en bekering elke dag in gelowiges se lewens moet voorkom, nie net tydens 'n bepaalde deel van die kerklike jaar nie. Daarom het hierdie praktyk nie deel van die Gereformeerde tradisie geword nie.

Wat vandag betref: Dit maak nie saak hoe ons die Lydenstyd onderhou nie, solank ons erns daarmee maak om stil te word voor God en diep na te dink en te besin oor dit wat Hy in Christus vir ons gedoen het en wat dit vir ons beteken. Dit is nie nodig om 'n swart kruis van as te maak of om te vas nie, hoewel dit ook nie nodig is om Christene wat dit wel doen, te veroordeel nie. Mag hierdie Lydenstyd vir ons elkeen 'n tyd wees waarin ons werklik besin oor die lydenspad van Christus en opnuut onder die indruk kom van hoe groot God se liefde en genade is. Mag ons met soveel dankbaarheid vervul word, dat dit ons dring om die lig van God se liefde met oorgawe te lewe in hierdie donker wêreld.

**Dr Chris le Roux, Stellenbosch**

## Lief en leed



Ds Annerie Conradie en haar ma, mev Bess Conradie

- Ds Annerie Conradie van Culembeeck se ma, **mev Bess Conradie** (88), is op 16 Februarie oorlede. Sy was 'n lidmaat van Gemeente Culembeeck en woonagtig in die versorgingseenheid van 'n tehuis vir bejaardes in Roodepoort. Tannie Bess en haar man, Gert, was vir jare in Gemeente Potchefstroom en toe in Wonderboom, waar sy later ouderling was. Die gedenkdiens op Donderdag 24 Februarie sal gelei word deur ds Annerie. Ons innige simpatie gaan aan ds Annerie en haar familie.

- Baie sterkte aan **ds JJ (Jacques) Pieterse** van Laer Suidkus wat tans gesondheidsprobleme ondervind, en ons innige simpatie aan hom en sy vrou, Dàlene, met die afsterwe van Dàlene se vader nadat hy geval het. Mnr Doep du Plessis (86) is op 8 Februarie oorlede, en die troosdiens op 12 Februarie is gelei deur ds Jacques.



Sumarie en Franscois Lategan

- **Sumarie Botha**, dogter van ds GS (Stephan) en Retha Botha (Groot Marico) en kleindogter van ds PJE (Piet) en Margaret Botha van Klerksdorp, is Saterdag 19 Februarie in die huwelik bevestig met die jong boer Franscois (sy pa het sy naam verkeerd gespel met registrasie en hy is gesteld op sy spelling!) Lategan, seun van Herna Lategan; sy pa, Manie, is oorlede. Baie geluk aan die nuwe egpaar!



Dr Annelie Botha

- Baie geluk aan **dr A (Annelie) Botha** van Mafeking/Zeerust met die benoeming as nuwe **redakteur van die *Bybelse Dagboek***. Sy neem die leisels oor van ds D (David) Barnard van Magaliesmoot, wat verantwoordelik was vir die 2022-uitgawe van die Dagboek.

- **Ds JA (Johnny) Young** van Rustenburg-Tuine het verlede week die langste ononderbroke grondpad (207 km) in Suid-Afrika te voet aangepak – van Calvinia tot in Ceres deur die Tankwa Karoo in uiterste temperature, om R207 000 in te samel vir 'n nuwe voertuig vir hul pleegsorghuis. Die afsnytyd was 50 ure, en ds Young het dit voltooi in 27 uur 9 minute. Baie geluk!

- **Die volgende predikante verjaar tot 4 Maart, en word hartlik geluk gewens:**
    - Donderdag 24 Februarie: Dr AG (André) Ungerer (62) (HTK) en prop JD (Daniel) Steinmann (61) (beroepafwagtend)
    - Vrydag 25 Februarie: Di H (Hennie) Aucamp (73) (emeritus) en CB (Bernard) Prinsloo (34) (Onverwacht)
    - Saterdag 26 Februarie: Ds M (Monja-Lize) van Belkum (43) (beroepafwagtend)
    - Maandag 28 Februarie: Di HP (Herman) Meyer (45) (Carletonville) en A (Aniena) Jansen van Rensburg (34) (Leeudoringstad) (sy verjaar eintlik op 29 Februarie)
    - Dinsdag 1 Maart: Ds Y (Yolandé) de Lange (39) (El-Flora)
    - Woensdag 2 Maart: Di JM (Johan) Delport (70) (emeritus) en EG (Etienne) Fourie (64) (Kempten)
    - Vrydag 4 Maart: Ds JLJ (Johan) Smit (69) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- **Ds GS (Stephan) Botha** (Groot Marico) het 'n beroep ontvang na Rustenburg-Suid.



Ds Pieter Rossouw

- **Ds P (Pieter) Rossouw** (beroepafwagtend) het 'n beroep ontvang na Donegal (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar en word op 10 April daar bevestig.



Ds Natasha Smit

- **Ds N (Natasha) Smit** (Witrivier deeltyds) het 'n beroep ontvang na Nelspruit en Barberton (deeltyds). Sy het die beroep aanvaar en word op 6 Maart om 12:00 in Barberton bevestig.

- **Ds QJ (Quinten) Schimper** (Krugersdorp/Krugersdorp-Wes) is op 23 Januarie 2022 losgemaak van Gemeente Krugersdorp, en van ampspligte binne die NHKA onthef. Hy is nou predikant van die NG Gemeente Rensburg op Heidelberg (Gauteng), en hy en sy vrou, Belinda, word seën toegewens op die voortsetting van hul bediening daar.




- Die Moderamen het by hul gewone vergadering op 11 Februarie 2022 ingestem dat **ds L (Leanie) Lemmer, ds M (Maritza) Oosthuizen en ds J (Joha-Lize) Uys** hul ampsvoorreg behou, en dat **Gemeente Bellville** uitstel kan kry om te beroep sodat daar eers strategiese beplanning in oorleg met die ringskommissie kan plaasvind. Die Moderamen bedank ook die gemeentes van die Kerk vir die ruim bydraes wat hulle tot die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** (BSA) gelewer het, met die gevolg dat die NHKA in die vorige finansiële jaar die vierde grootste bydrae tot die werk van die BSA gemaak het.

- Die voormalige gemeentes Brakpan en Brakpan-Harmonie, wat nou bekendstaan as **Emmaus Kenleaf**, se **e-posadres** is nou **emmauskenleaf@gmail.com**. Daar is geen sekretariële beampte nie, en e-posse wat die afgelope maande gestuur is na **Clau-Rissa@gmail.com**, **nhkb@gmail.com**, **nhkb@nhka.co.za** of **nhkharmonie@gmail.com**, sou die gemeente nie bereik het nie.

- Die beoogde **datums en plekke vir vanjaar se ringsvergaderings** is pas gepubliseer in *Blitspos* van 17 Februarie 2022 en *Die Hervormer* van Maart 2022, en die besonderhede verander reeds! Die vergadering van **Roodepoort** sal nou plaasvind op **Sondag 24 April 2022 te Weltevreden**. Die ring gaan fisies vergader en sal nie 'n Zoom-skakeling kan akkommodeer nie. Die vergadering van die ring van **Magalies** sal plaasvind op **Sondag 10 April 2022 te Noordelike Pretoria**. **Germiston** se (net fisiese) vergadering by **Witfield** vind nou plaas op **Saterdag 7 Mei**, en die ring van **Johannesburg s'n op 23 April** by 'n plek wat nog bepaal moet word.

- **VAKATURE VIR 'N REKENMEESTER: Sinodale Dienssentrum, Pretoria.**

  **Vereistes:** Minstens 5 jaar werkservaring; verdere kwalifikasie/opleiding sal 'n aanbeveling wees, asook kennis van Accpac en/of Pastel; rekenaarvaardigheid in minstens Microsoft Office; ten volle tweetalig; geldige rybewys; bewese bestuursvaardighede; kennis van die Nasionale Kredietwet en die Wet op Inligting; moet finansiële state kan opstel en interpreteer en dit kan voorhou by die Raad van Finansies.

  **Verdere vereistes:** Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van 'n span te funksioneer; goeie kommunikasie- en organisasievaardighede; meelewende lidmaat van die NHKA.

  **Vergoeding:** Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.

  **Sluitingsdatum: 28 Februarie 2022.**

  **Navrae en aansoeke:** Aansoeke met CV moet gerig word aan mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **mannekrag@nhk.co.za**; tel 012 322 8885; faks 012 322 7909.



- Die **SP Engelbrecht-museum**, die NHKA se kerkmuseum, is die grootste kerkmuseum in Suid-Afrika en is geleë in Pretoria, naby die Eugene Marais-hospitaal in Eloffsdal. Besoekers word hartlik uitgenooi om per afspraak ons Museum te besoek. Ons **toegangsfooie**

is R40 per persoon vir groepe minder as tien. 10 of meer in ’n groep betaal R30 per persoon. Seniorlidmaatgroepe en kategesegroepe is gewilde besoekers. Daar is ’n afdak beskikbaar vir ’n “piekniekete”. Besoekers kan soggens of naweke kom. Daar is baie kultuur-, kuns- en gebruiksvoorwerpe, ou klere en meubels. Skakel **ds Johann de Bruin** gerus by 082 733 3951.




## Vergaderings

- Donderdag 24 Februarie: Pensioenvergaderings
  DPS en Plesion Finkom
  ADV-webinaar: DPS-huise
- Vrydag 25 Februarie: Raad van Finansies
- Maandag 28 Februarie: 9de ADV Beplanningskomitee
- Woensdag 2 Maart: Kinderhuise Direksie

## Kerklike publikasies

- In Oktober 2021 het die **Bybelgenootskap** hom daartoe verbind om die Bybel in **nog twee tale wat in Suid-Afrika gepraat word**, te vertaal, naamlik in **TjiHlanganu en Khelobedu**, wat as ’n dialek van Sepedi gesien word. Daar is sowat 500 000 Khelobedu-sprekers en tans is daar nog geen Bybelgedeeltes in gedrukte formaat in dié taal beskikbaar nie. Die eerste vertaalwerk aan die Khelobedu Bybel het van 25 tot 29 Oktober 2021 geskied, met die vertaling van Matteus 1 tot 7. Ses vertalers werk aan die projek en daar word beoog om die volledige Bybel teen 2030 te voltooi. TjiHlanganu word aktief deur sowat 500 000 mense in Thulamahashe in Bosbokrand, asook in Sekhukhune, Ohrigstad, Lydenburg en Pelgrimsrus, gepraat. Die vertaling van Genesis 1 en Johannes is reeds gedoen. Daar word beoog om ook hierdie Bybelvertaling teen 2030 te voltooi.






## Studentesake

- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind op **Vrydag 4 Maart 2022 om 15:00** by **Gemeente Philadelphia** plaas. Dit lei ook die HTK-kontaknaweek vir studente in wat Saterdag en Sondag plaasvind. Die program vir Vrydagmiddag sien soos volg daar uit:

    - 10:00: Fakulteitsopening in Rautenbachsaal vir studente en belangstellendes (verversings word na die tyd bedien)
    - 15:00: Philadelphia – verwelkoming
    - 15:15: Skrifbeskouing – prof Wim Dreyer
    - 16:15: Boodskap namens Kuratorium – dr Rudy Denton
    - 16:30: Skaapbraai (alles word voorsien)

    Almal is welkom en belangstellendes wat **Vrydagmiddag** se kuier wil bywoon, moet net by mev Clarika Hattingh **bevestig**, by **clarikah@nhk.co.za**.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkop-oggend**
  **Saterdag 5 Maart 2022**
  Kerksaal om 10:00
  R150 per kop, R120 skaappotjie, R50 per kind (pizza)
  Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754
  Mev Belinda Jordaan 076 626 7571

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Mpumalanga**
  **Woensdag 4 Mei**
  Highland Gate Golf and Trout Estate, Dullstroom
  Borge en inskrywings: Annette Lombard 083 231 8943
  **annette@rata.org.za**

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Pretoria**
  **Dinsdag 23 Augustus**
  Silver Lakes Country Club
  Borge en inskrywings: Annelle Flanagan 064 437 5997
  **info@rata.org.za**

## ’n Gedig

**Haven om te landen**
Seaforth
Simonstad

In die koue grys skemer van die agterberg
laveer die laaste bote huis toe:
dun wit seile in ’n wintersee soek
na ’n haven om te landen.

Die meeue trek saam op Duikersklip
dig teen die donker en die wind
en oor die water hang ’n hunkerende roep
na ’n haven om te landen.

Die stomp neus van die Steenberg
los op tussen see en lug,
die nag word swart sonder lig wat wink
na ’n haven om te landen.

En ou herinneringe en vertwyfeling
sak oor my soos ’n swaar seemis
en heelnag deur dreun die branders en nêrens
is ’n haven om te landen.

**MM Walters**
(Uit: *Sprekende van God*, 1996)

## Barmhartigheid

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in ’n gevestigde, boomryke area met ’n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as ’n stil, veilige, boomryke omgewing en ’n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000
Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Allegaartjie

Hier is vier van die **nuwe woorde** wat in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (*WAT*) opgeneem is:

- **e-boek** snw, e-boeke. Elektroniese weergawe van ’n gedrukte boek wat op ’n rekenaar of e-leser gelees word.
- **fleksietyd** snw. Ook soms fleksietye. Reëling of stelsel in ’n werkplek waarvolgens ’n werknemer, afgesien van ’n vaste kerntyd, sy of haar eie kantoorure binne perke kan bepaal en meer vryheid toegelaat word wat aankoms- en vertrektye betref. Sinonieme is skiktyd en skuiftyd.
- **grendeltyd** snw, grendeltye. Tydperk waartydens mense van ’n gebied, streek of land se vryheid van beweging en kontak met andere beperk word, gewoonlik kragtens ’n regeringsbesluit en dikwels om te voorkom dat ’n baie aansteeklike siekte versprei. Sinoniem is inperking.
- **internetkoerant** snw, internetkoerante. ’n Koerant wat aanlyn verskyn, hetsy as selfstandige publikasie of as aanlyn weergawe van ’n gedrukte publikasie. Sinonieme is e-koerant en elektroniese koerant.
(Bron: *Rapport Beleef*, 20 Februarie 2022)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

My Heer,
in die dae voor die aanbreek van die Lydenstyd,
help my –

- om kwetsende woorde te vermy, en net vriendelike woorde te spreek;
- om verby droefheid te reik, en gevul te wees met dankbaarheid;
- om woede af te skud, en geduldig te wees;
- om pessimisme te vermy, en gevul te wees met hoop;
- om bekommernisse af te skud, en op U te vertrou;
- om op te hou kla, en eenvoud na te streef;
- om van druk te ontsnap, en meer te bid;
- om bitterheid agter te laat, en vreugde te beleef;
- om selfsug te vervang met deernis vir ander;
- om wrokke te vergeet en versoening te bewerkstellig; en
- om minder woorde te gebruik, en stil te word, sodat ek beter kan luister.

pietrafitness.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds Willem Sauer |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |